

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
10 Julie 1977

Onderwerp: Afgodery en skyngodsdien

Lees: Eségiël 6 verse 1 tot 14

Teks: Eségiël 6 verse 11 en 12

Sing: Psalm 48 vers 4  
Gesang 33 verse 4 en 7

“Die jare 587 en 586 v.C. was vir Israel ’n ramspoedige tyd. Nebukadnesar het Juda in hierdie tyd na Babel weggevoer, nadat hy Jerusalem se skanse, sy paleise en toringloopgange met die grond gelyk gemaak het.

“Jeremia se waarskuwings het waar geword. Hulle wou hom nie geglo het nie en wou hom saam met sy onheilsboodskap vernietig het. Toe die stad geval het, sou hulle seker meer bereid gewees het om na hom te luister. Maar toe was dit té laat.

“’n Treuriger toestand kan ’n mens jou nie voorstel nie. Die volk het by die riviere van Babel gesit en huil. Die lied van Sion het op hulle lippe gesterf. Geen wonder nie dat vele die God van Israel vergeet het en hulle by hulle nuwe omstandighede aangepas het.

“God se antwoord op hierdie toestand was ’n man met die naam Eségiël. Hy was die man wat God in daardie donker uur geroep en gebruik het. Hy moes die swakke mense weer sterk maak met sy onwrikbare geloof in God. (Die naam Eségiël beteken ‘God is sterk’) Hy moes die volk terugroep na God met sy beelde en gelykenisse en magtige visioene. Hy moes dikwels hard praat soos in hierdie hoofstuk. Die rampe wat hy in hoofstuk vyf oor Jerusalem geprofeteer het, het nie net tot die stad beperk gebly nie. Nee, ’n rooi kleed het die hele land bedek.

“Eségiël het geprofeteer: ‘So sê die Here HERE vir die berge en vir die heuwels en vir die klowe en vir die dale: Kyk, Ek bring ’n swaard oor julle, en Ek sal julle hoogtes vernietig’. (Eség 6:3)

“Hoekom het hy die berge van Israel aangespreek en nie die volk nie? God het hom ook beveel om op ’n uitbundige wyse te juig, terwyl hy die ondergang van land en volk deur hongersnood en pes geprofeteer het.

“Waarom moes die profeet die land se verwoesting op hierdie wyse aangekondig het? Omdat die volk in sy ganse volkslewe sy rug op God gedraai het. Eségiël moes nie die volk meer direk aangespreek het nie, want hulle sou tog nie geluister het nie. Daarom moes hy tot die berge, klowe en heuwels spreek. Ook omdat die berge, heuwels en dale die beste getuig het van Israel se kwaad.

“Op hierdie berge en heuwels het die heidense natuur-aanbidding welig getier. Op elke bergkruin en heuweltop het die afgodsaltaartjies, sonpilare en beelde van Baäl en Astarte gestaan, wat tot die mees sedelose uitspattighede in diens van dié afgode gelok het. Hulle het ook offervleis gebring aan hierdie afgode op bergtoppe, hoë heuwels, onder groen bome en terpentynbome, sodat die gode meer vrugbaarheid kon stuur.

“Israel het die sienig gehuldig dat hulle vir hulle natuurlike welvaart en voorspoed die gode van die natuur se guns moes wen, terwyl hulle steeds hulle groot godsdienstige feeste vir die HERE in Jerusalem gehou het. Jerusalem en die Tempel van die HERE was vir hulle te vêr, daarom was dit goed om ’n afgod soos Baäl naby te hê. Hulle het ook aan Baäl geoffer omdat dit minder moeite was en tog nie soveel gekos het nie. In naam het hulle nog die Naam van Jehova genoem, maar vir hulle welvaart moes hulle prakties wees en daarom het hulle vir Baäl altaartjies gebou. Almal het die ou heidense gedagte nagevolg: Ek gee sodat die gode vir my kan teruggee. Daarenteen het hulle steeds die Tempel van die HERE in Jerusalem besoek, om ook darem die seën van die HERE te kry. Israel se godsdiens het dus bestaan uit ’n samesmelting van die ware Godsdiens met Kanaänitiese Baälaanbidding, waarvan elke berg en heuwel ’n getuienis was.

“Broers en Susters, hierdie profesie het ook vir ons ’n boodskap. Ons het wel nie sulke primitiewe Astarte en Baäl beeldtjies, altare en sonpilare nie. Maar daar is menige sogenaamde gelowiges vir wie God prakties slegs ’n skim is. God is vir hulle daar vêr, soos die lug en die wind wat ’n mens nie kan aanraak en sien nie. Hulle redeneer dat hulle prakties is en dat God daarom nie vir hulle betekenis het nie.

“Hierdie kwaad brei hom vandag ook nog uit, ook oor die berge, heuwels en dale van ons land. Dit is net soos die Roomse kerk wat hulle saligheid en welvaart by ‘heiliges’ soek en daarmee die HERE verloën, terwyl hulle Hom met hulle mond roem.

“Diegene wat die HERE nie ken nie, redeneer: Vir die saligheid van die siel, ja, daarvoor is dit nodig om in God te glo. Jy durf God nie uit die prentjie laat nie. Om in die heerlike hierna opgeneem te word, moet jy seker maak dat jy jou saak met God reg hou. Daarvoor betaal ons gereeld ons premies. Ons gaan Sondag kerk toe. Ons gee ons bydraes en gooi die stuiwer in die beurs. Dáár dissosieer ons van ons besigheid en politiek, want ons moet opreg vroom wees. En dan is alles reg, vroom en ortodoks tussen die kerkmure.

“As ons dan vrome diens verrig het vir hierdie God, wat so vêr van ons en ons bedrieglike besigheidswêreld en vuil politiek is, kom ons by die kerkdeur uit en tree weer die praktiese lewe tegemoet. Dan Broers en Susters, het ons niks meer met God te doen wat ons hier in die kerk gedien het nie, maar volg die gode van ons tyd, want die mens moet tog prakties wees.

“Daarbuite gaan dit sonder God daaraan toe. Hy moet in die kerk agterbly. Die ampte van profeet, priester en koning moet saam met Jesus hier in die kerk toegesluit bly. Is Jesus as Gesalfde na die wêreld gestuur, of na die Tempel? Christus is mos net vir die Tempel gesalf, nie waar nie? Ja, gil ons tyd dit uit! Hier in die praktyk is daar vir Jesus Christus en sy heilige ampte en bediening nie plek nie. Want as jy Jesus uit die Tempel bring, benadeel jy die wêreld. Hierdie dinge pas nie daarbuite in nie.

“En so verdeel ons die lewe in twee kompartemente. ’n Sondagskompartement vir die siel om saam met Christus vroom te sing en te bid. En ’n kompartement vir die week se liggaamlike en die welvaart sonder Jesus Christus. Dan maak dit nie saak of ek oneerlike wins maak en my Broer en Suster benadeel nie.

“Broers en Susters, God het die nietigheid van hierdie dinge aan Israel getoon. Die HERE sal diegene wat so lewe, toon dat Hý die HERE is. Hy sal hierdie wêreld dit deur swaard, pes, oorloë en honger laat ondervind. Só sal die mens van hierdie eeu nog tot die wete kom, dat die HERE nie ’n blote skim in die lug of in die tempel is nie, soos sommige Hom graag wil waan nie. Maar dat Hý en Hý alleen God van hemel en die aarde is.

“Broers en Susters, moenie die HERE God en Jesus Christus eenkant toe skuif en Hom slegs ’n plekkie gun daar vêr in die hemelruim of tussen die kerkmure nie. Laat ons Hom nie net hier tussen vier mure dien en verheerlik nie, maar laat ons die HERE erken in ons hele

hart, lewe, sake en politiek. Moenie saamsmelt met hierdie wêreld wat sonder Jesus Christus wil lewe nie.

“Toe Eségiël God se oordele afgekondig het oor die hele land, sou hy miskien oor dit alles wou gehuil het, maar God het hom beveel om te jubel en daarvoor te juig. Hy moes sy hande klap en sy voete stamp. Hy moes hom verbly het oor Israel se ondergang.

“Diegene wat hom aangehoor het, het sekerlik gedink hy is ’n gek. So ’n leedvermaak oor Israel se ondergang het allermens gepas by ’n profeet wat Israel se nood op die hart gedra het.

“Waarom het God dit beveel? Toe Obadja opdrag gekry het om God se vloek oor Israel uit te spreek, mag die Edomiete nie daarvoor gejuig het nie. Hierteenoor is Eségiël beveel om uitbundig daarvoor te juig. Het God inkonsekwent opgetree?

“Die rede hiervoor, Broers en Susters, lê daarin dat Edom die afstammeling van Esau en sy twee Hetitiese vroue was. Toe Esau, wat nog in die verbond gebore was, met die Hetiete vermeng het, het die verbondsbetrekking daar en dan tot ’n einde gekom. Die Edomiete was nie meer verbondskinders, gelowiges nie. Hulle was ook nie heidene nie. En toe Edom gejuig het oor Israel se ondergang, het hulle in werklikheid gejuig oor die einde van die verbond van God. Hulle het gejuig oor die einde van die beloftes van God, wat Jesus Christus was. Hulle ongeloof was uitgelate omdat hulle gemeen het dat Jesus Christus tot niet was; dat daar geen Christene in hierdie wêreld sou wees nie.

“Broers en Susters, God het nie hierdie soort gejubel oor sy oordele oor Israel toegelaat nie. God het sy vloek uitgespreek oor hierdie gejubel en in sy toorn die geslag van Edom verteer, sodat daar geen geslag van Esau meer oor is nie.

“In kontras hiermee, toe Eségiël uitbundig gejubel het, het ons die troue Verbondsgod en Jesus Christus daaruit leer ken. Want Eségiël moes jubel nie oor die einde en totale vernietiging van Israel, soos Edom wou doen nie. Want God sou Israel nie vernietig nie. Daar sou immers ’n oorblyfsel wees. Eségiël het gejuig omdat God deur oorlog, honger en pes ’n einde sou maak aan al die altare, sonpilare, Baäl en Astarte aanbidding op die bergtoppe. Hy het gejuig omdat daar ’n einde sou kom aan die gemene dade van Israel, ’n einde aan die uitbanning van God en die ampte van Jesus Christus. Die oordele van God sou dit beëindig. Daarna sou dié wat God ontvlug het, aan Hom dink. Hulle sou tot

inkeer kom. Dan sou hulle hul samesmeltingsgodsdienst beëindig het. Hulle sou hulself nie meer soos die wêreldling behaag het nie, maar hulself voor God aangekla het.

“Broers en Susters, solank ’n mens jouself nog net beklag oor jou welvaart, omdat dit nie vinnig genoeg goed gaan met jou nie, staan jy nog op die kruine van die heuwels van Baäl en Astarte. Dan hou jy nog met die een hand krampagtig vas aan die wêreld. Eers as die oordele van God oor jou gegaan het, besef jy dat daar net een veilige plek is en dit is op die berg van God. Dan eers bestyg jy Sion. Dan vind jy weer die Verbondsgod. Dan sal jy Jesus Christus weer bely en Hom hier en daarbuite lofsing. Dan is Jesus Christus vir jou ’n realiteit in elke dag van jou lewe. Daarom het Eségiël gejuig, omdat God gesê het: Ek het nie tevergeefs gespreek nie.

“Broers en Susters, God se Woord is ook nie tevergeefs nie. Vir dié wat daarna luister, is dit nooit tevergeefs nie. Vir hulle wat daarop ag gee, sal dit soveel heil bring, dat die profete uitbundig sal juig. Ook in die Hemel sal dit vreugde bring. Want so sê die HERE: As een sondaar hom bekeer, sal die engele juig want die HERE het nie tevergeefs gespreek nie.

“Amen.”